SAKE 24 (Beeld)
25 Feb 2011, p.3

Liberty Holdings

	2010	2009	% veranderir
Totale verdienste	R2,6 mjd.	R236 m.	>100%
Wesensverdienste	R2,5 mjd.	R135 m.	>100%
Wesensverdienste per aandeel	907,6c	47,2c	>100%
Totale uitkering vir jaar	455c	455c	-

Liberty se nuwe aanslag sorg vir goeie resultate

Adri van Zyl, Johannesburg

Die relatief nuwe bestuurspan by Liberty Holdings het in die afgelope twee boekjare daarin geslaag om die onderneming so te sê te herbou.

Liberty kan in die toekoms dié goeie bedryfsresultate volhou.

Die resultate vir die boekjaar tot einde Desember wat die groep gister bekend gemaak het, dui daarop dat die strategiese doelwitte behaal word.

Mnr. Bruce Hemphill, uitvoerende hoof, sê die groep het verlede jaar op drie gebiede gefokus. Dit is om die versekeringsbedrywighede te versterk, die balansstaat goed te bestuur en sy produkte uit te brei en in meer lande aan te bied.

Daarmee het hy sukses behaal, en hy kan in die toekoms daarop bou, sê Hemphill.

Die wesensverdienste van die groep het meer as tienvoudig toegeneem tot R2,6 miljard, vergeleke met R236 miljoen in die vorige boekjaar.

Daar is veral groot sukses behaal om die vervallingskoers van polisse om te keer.

In die eerste ses maande van die vorige boekjaar is R70 miljoen voorsien vir die vervalling van polisse. Die vervallingskoers is nou baie laer as wat in die groep se aktuariële aannames verwag word.

Hemphill sê die polisse wat verval, is nou minder as 20 000 per maand vergeleke met 25 000 in die vorige jaar.

Stappe wat gedoen is om die vervallings te keer, is die sluiting van 60 onwinsgewende makelaarsondernemings, die sluiting van kontrakte met 1 200 makelaars wat nie winsgewend was nie en die aanpassing in premies vir kliënte wat sukkel om premies by te hou.

Hemphill sê die groep het ook daarop gefokus om polisse te skryf wat op sy boeke sal bly en daardeur is aansoeke om 100 000 polisse afgewys.

Die wesensverdienste van dié afdeling is R899 miljoen vergeleke met 'n verlies van R82 miljoen in die vorige boekjaar.

Libfin, die afdeling wat op die been gebring is om die risiko- en beleggings van die groep te bestuur, het hom goed van sy taak gekwyt ten spyte van wisselvallige markte en dalende opbrengste. In die afgelope boekjaar is 'n opbrengs van 11,2% behaal op die aandeelhouers se beleggingsportefeulje.

By die afdeling wat korporatiewe dienste lewer, is die verlies van die vorige boekjaar (R29 miljoen) omgeskakel in 'n wins van R103 miljoen. Dit is te danke aan 'n styging van 41% in nuwe sake en beter diens aan kliënte. Diensgeld het toegeneem, maar dis geraak deur die afskrywing van sake wat hy nie meer lewer nie.

Die wesensverdienste van sy portefeuljebestuursmaatskappy, Stanlib, is onveranderd vergeleke met die vorige jaar, maar hy het nuwe geld van R16 miljard van kliënte gelok.

Met die invloei van R20 miljard na sy geldmarktrust, is Stanlib nou die grootste geldmarktrust in die land.

'n Nuwe bedryfsmodel word by dié afdeling ingevoer en dit sal die belange van portefeuljebestuurders en kliënte in lyn met mekaar bring.

Die gesondheidsafdeling het nog 'n verlies van R74 miljoen gely. Hemphill sê die afdeling het baie lede afgestaan aan die gesondheidsdiens vir die werkers in die openbare sektor. Die aantal lewens wat gedek word, is 15% meer.

In Afrika bestuur Liberty nou R29 miljard namens kliënte en hy gaan sy bedrywighede verder uitbrei in samewerking met sy moedermaatskappy, Standard Bank. Hemphill sê Liberty gaan in Afrika net die lande betree waar Standard Bank reeds is ten einde die voordele van samewerking te kan benut.

In die afgelope boekjaar het Liberty sy ooreenkoms om versekeringsdienste deur Standard Bank te lewer, verder uitgebrei. Voorheen is net risikodekking wat deur Liberty onderskryf word deur Standard Bank aangebied. Dit word nou uitgebrei om ander produkte in te sluit soos gesondheidsdekking en portefeuljebestuur.

Net soos in die banksektor staar regulatoriese veranderinge die versekeringsbedryf in die gesig. Dit behels kapitaalvereistes en nuwe rekenkundige standaarde.

Soos in die geval van Absa, wat verlede week resultate aangekondig het, sal Liberty sy dividendbeleid hersien sodra hy weet wat die invloed van die nuwe regulasies gaan wees.

Mnr. Bruce Hemphill, uitvoerende hoof van Liberty Holdings.

Beleggingsaanbeveling

Koop	1
Verkoop	0
Hou	6

Die beleggingsaanbevelings is gedoen voordat die resultate bekend gemaak is.

Bron: Bloomberg

Aandeelprys

Gister	R74,70
Hoogtepunt vir die jaar	R78,20
Laagtepunt vir die jaar	R69,86